Die Naam van die Skepper

Feit 1: Sy naam is Yahweh.
Ons Skepper se persoonlike naam, Yahweh, word die afgesonderde Naam en die Tetragramaton of vierletter woord genoem, omdat dit in Hebreeus uit vier letters bestaan. Die meeste Joodse mense sal nie Yahweh sê nie. In plaas daarvan sê hulle HASHEM – 'n Hebreeuse woord wat “die Naam” beteken, of hulle sal sê Adonai, die Hebreeuse woord vir Here. Yahweh word ook die Onuitspreeklike Naam genoem, maar Yahweh se Naam is nie onuitspreeklik nie!

Feit 2: Yahweh se Naam is uit meeste vertalings van die Skrif geredigeer.
Yahweh se Naam verskyn nie eens een keer in enige van die mees populêre Afrikaanse Bybels wat vandag in die mark beskikbaar is nie. Die Afrikaanse vertalings beskikbaar plaas die titels “Die HERE” en “GOD” in die plekke waar die naam Yahweh eintlik behoort te wees. Joodse godsdienstige leiers het hierdie tradisie in die middel-2de eeu voor Messias bekendgestel en dit het sedert daardie tyd voortgegaan.
Hierdie mensgemaakte tradisie, wat byna algehele aanvaarding in 1611 ontvang het toe die *King James* Bybel se skrywers gefaal het om die naam Yahweh in hul eerste uitgawe in te sluit, is om twee redes verkeerd en gevaarlik:

Eerstens maak dit Yahweh se duidelike opdrag dat ons die wêreld moet vertel dat ons alleenlik Een El het, naamlik YAHWEH, tot nuut.
Tweedens is Yahweh, volgens die Skrif, die enigste Naam waardeur ons redding kan ontvang! Op ‘n ander manier gestel – daar is geen ander naam waardeur ons gered kan word nie.
Skrifkenner en outeur Charles Ryrie het gesê dat die Naam, Yahweh, presies 6823 keer in die Ou Testament verskyn. Aangesien die Nuwe Testament gevul is met direkte aanhalings en parafrases vanuit die Ou Testament wat Yahweh se naam bevat, is dit 'n onmiskenbare feit dat die naam Yahweh ook veronderstel is om reg deur die Nuwe Testament te verskyn. Selfs met dit in gedagte het meeste Christene nog nooit Yahweh se Naam in druk gesien nie en baie min het dit al ooit vanaf 'n leraar op ‘n preekstoel gehoor. Dit is 'n ernstige probleem wat aandag verg! Beide Deut 4:2 en Open 22 verklaar dat enigeen wat selfs een woord vanuit die Skrif weglaat onder 'n vloek sal wees, en tog was dit ten minste 6823 keer gedoen, en dit ook nie net met enige woord nie, maar die einste mees belangrikste woord in die wêreld, die ware wese van ons Skepper wat sê dat Hy deur ALLE generasies op die naam Yahweh bekend sal wees.

Feit 3: Yahweh het ons beveel om deur Sy Naam mense te vertel wie Hy is.
Yahweh beteken “EK IS”, en “EK IS” is een van Sy name. In Eksodus 3: 13-15 staan: ***“Hierop het Moses tot Elohiem gespreek: Kyk, as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die Elohiem van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: Wat is Sy naam? -- wat moet ek hulle antwoord? En Elohiem sê vir Moses: EHYAH ASHER EHYAH [—EK IS WAT EK IS]. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur. Toe sê Elohiem verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: YAHWEH, die Elohiem van julle vaders, die Elohiem van Abraham, die Elohiem van Isak en die Elohiem van Jakob, het my na julle gestuur. Dit [Yahweh] is My Naam vir ewig, en dit is My gedenknaam van geslag tot geslag.”***

Vir ewig beteken sonder einde, dus is dit duidelik dat Yahweh nooit vir ons bedoel het om Sy Naam met “HERE” of “GOD” te vervang nie. Aangesien Yahweh aan Moses instruksies gegee het om aan die kinders van Israel te sê dat hulle Hom op Sy naam Yahweh “van geslag tot geslag” moes onthou, is dit ook duidelik dat Hy begeer dat almal
1. Sy Naam *ken*,
2. Hom op Sy Naam *aanroep*, en
3. om mense te vertel wie Hy is deur Sy Naam.

Feit 4: Yahweh is ons Verlosser en Yahshua is ook Yahweh; Yahweh is die familienaam van ons Skepper
Jeremia 23: 5-6 sê eenvoudig dat die Messias se naam Yahweh is. Dit is 'n eenvoudige, verifieerbare feit wat nie weerlê kan word nie!

In Filippense 2: 9-11 het die apostel Paulus na die naam “Yahweh” verwys toe hy gesê het “***Daarom het Yahweh Hom ook grootliks verhoog en Hom 'n Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Yahshua sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Yahshua die Messias die Meester is tot eer van Yahweh die Vader.”*** Ons weet dat Paulus gesê het dat Elohiem die naam Yahweh op Yahshua geplaas het, want in die bogenoemde Skrifgedeelte in Filippense 2:9-11 het hy Jesaja 45:21-24 geparafraseer. Dit is wat Yahweh aan Jesaja vertel het: “***Verkondig en bring voor, ja, laat hulle saam raad hou: Wie het dit van ouds af laat hoor, lank tevore dit verkondig? Is dit nie Ek, Yahweh, nie? En buiten My is daar geen ander nie: 'n regverdige en reddende El is daar buiten My nie. Wend***

julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde! Want Ek is El, en daar is geen ander nie. Ek sweer by Myself; geregtigheid gaan uit my mond, 'n woord wat nie herroep word nie: dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer. Hulle sal van My sê: Alleen in Yahweh is volle geregtigheid en sterkte; na Hom sal hulle kom; maar hulle almal sal beskaamd staan wat op Hom toornig is."

Dit is veral nou hartverskeurend dat meeste Christene nie die Naam van hulle Elohiem ken nie. Ons lewe in 'n tyd waar politieke en godsdienstige leiers mense regoor die wêreld vertel dat almal van ons dieselfde Elohiem aanbid, maar ons gebruik net verskillende name om Hom aan te roep. Dit is nie waar nie! Almal van ons aanbid nie dieselfde Elohiem nie.

Satan moet die bron van daardie leuen wees. Hy is die een wat die meeste daarby sal baat dat ons nie Yahweh se naam ken en aan die wêreld verklaar nie, maar Satan se leuens kan nie die waarheid verander nie. Daar is alleenlik een Elohiem – Yahweh, en die Christendom is die enigste godsdiens in die wêreld wat nie 'n persoonlike naam vir hul magtige het nie.

Feit 5: Ons het slegs in een naam verlossing. Joël 2:32 sê, "***En elkeen wat die Naam van Yahweh aanroep, sal gered word."*** In Handelinge 2: 21 het Petrus vir Joël 2:32 aangehaal, en in Romeine 10:13 het Paulus Joël en Petrus se boodskap presies so oorgedra. In Handelinge 4:12 het Petrus selfs verder gegaan "***En die verlossing is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie".***

Dit kan nie enigsins duideliker as dit wees nie! Ons het verlossing in slegs een naam – Yahshua, (Yahweh se Verlossing). Dit is eintlik wat die Skrif oor en oor en oor sê! Dit is 'n ontstellende feit dat die meeste predikante misluk het om hierdie boodskap aan hul gemeentes oor te dra.

Feit 6: God of "ghad" was die persoonlike naam van 'n Babiloniese god en is slegs een maal in die Skrif in Jesaja 65:11 gebruik, waar hierdie god genoem word. So waarom sal ons dan na die afgesonderde Skepper van die heelal verwys op die naam van 'n Babiloniese afgod? Bewys dit werklik eer aan Sy Naam? Sal ons in die naam van Ba'al of Vishnu, die Hindiese god, bid? Waarom sal ons dan in die naam van god bid, die naam van 'n Babiloniese afgod?

Toe Yahweh sy 613 Wette aan Moses gegee het om die kinders van Israel te leer, het Hy 'n eed gesweer waarin Hy gesê het dat diegene wat Hom gehoorsaam en in al Sy weë wandel, 'n "spesiale eiendom" vir Hom sal wees. Hy het ook belowe dat Hy hierdie Torah-gehoorsame mense as Sy heiliges sou vestig.

Eksodus 19:5-6: "***As julle dan nou terdeë na My stem luister en My verbond hou, sal julle My eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is Myne. En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel."*** Deuteronomium 28:9-10, "***Yahweh sal jou vir Hom as afgesonderde volk bevestig soos Hy jou dit gesweer het, as jy die gebooie van Yahweh jou Elohiem hou en in Sy weë wandel. En al die volke van die aarde sal sien dat die Naam van Yahweh oor jou uitgeroep is, en hulle sal vir jou vrees."***

Hierdie skrifgedeeltes wys dat al die mense van die aarde sal sien dat Yahweh se heilige mense (diegene wat in al Yahweh se weë wandel) deur die Naam van Yahweh geken sal word. Daar was nog nooit 'n geïnspireerde skrifgedeelte in die Torah, of wat deur die profete geskryf is, wat ons vertel dat Yahweh se afgesonderde mense op enige ander naam geroep (geken) sou word nie. Inteendeel, die profeet Joël was geïnspireerd om 'n wonderlike profesie te skryf aangaande elkeen wat die Naam van Yahweh aanroep.

Joël 2:32—"***En elkeen wat die Naam van Yahweh aanroep, sal gered word; want op die berg Tsion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees soos Yahweh gesê het, en onder die vrygeraaktes die wat Yahweh sal roep."***
Romeine 10:13—***"Want: Elkeen wat die Naam van Yahweh aanroep, sal gered word."***

Hoe is dit dan dat ons nie die naam van Yahweh aanroep nie? Soek ons nie seëninge nie? Soek ons nie aanvaarding by ons Vader nie? Heiligheid? Verlossing? Kan dit wees dat ons tradisies aanvaar het wat ons leermeesters weer van hul leermeesters af oorgeërf het, en wat hulle dan aan ons as leringe geleer het – leringe wat nie deur die geïnspireerde Skrif gestaaf kan word nie?

Vir meer inligting, besoek gerus die webwerf by www.coyhwh.com